

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Andreas Corsini
## 4 Februarie

(1302-1373)

Gebore in die Italiaanse stad, Florence, as lid van die magtige Corsini familie. As jongman lei hy 'n losbandige lewe totdat die gebede en invloed van sy moeder hom laat bekeer. Hy tree in by die Karmeliete en studeer in Parys en Avignon in Frankryk. Terug in sy geboortestad raak hy gou bekend as die 'Apostel van Florence' vanweë sy voorbeeldige en heilige leefwyse. Hy word benoem tot biskop van Fiesole in 1349 (aanvanklik gaan kruip hy weg, maar die pous dwing hom uiteindelik om dié amp te aanvaar). Hy was 'n uitstekende sieleherder, vredemaker en hy word ook bekend as wonderwerker, iemand wie se voorspraak op kragtige wyse verhoor is.